# ‘n *Nuwe Ritme* vir 2026

NG GEMEENTE
TYGERPOORT

# INHOUD

**DEEL 1**

Waarom 'n nuwe ritme op Sondae? 2

**DEEL 2**

Hoe lyk 'n Sondagprogram in skoolkwartale? 8

**DEEL 3**

2026 Sondae & spesiale geleenthede 14

**DEEL 4**

Kurrikulum 18

**DEEL 5**

'n Hernuwing van jou lidmaatskap verbintenis 22

**DEEL 6**

'n Nuwe kommunikasiestruktuur 31

**DEEL 7**

Vorms & skakels 32

DEEL 1

# Waarom 'n ***nuwe ritme*** op Sondae?



# *Wat het ons by lidmate gehoor?*

Gedurende 2025 het die kerkraad en bedieningspan met baie mense in die gemeente gepraat – individue, gesinne, leiers, vrywilligers en personeel.

Hierdie gesprekke het bevestig wat ons al 'n ruk lank opmerk:

Lidmate, veral gesinne, is baie besig. Hulle wil graag saam kerk toe kom. Gesinne met kinders in die laerskool en hoërskool wil nie op 'n Sondag geskei word nie – dit is vir hulle **belangrik om as gesin saam kerk toe te kom.**

**Geloofsvorming is vir almal belangrik**, van voorskoolse kinders tot volwassenes. Daar was uitdagings met ons groeigroepe, en mense het 'n behoefte aan dieper geestelike groei, beter Bybelkennis en betekenisvolle lering.

Lidmate is lojaal en dankbaar teenoor die gemeente en wil graag kerk toe kom. Hulle vra dat dit **makliker en meer toeganklik** sal wees in 'n reeds besige lewe.

Baie lidmate het gesê hulle wil graag **diep, Geesvervulde eredienservarings hê** – musiek speel 'n groot rol hierin.

# Ons gemeente het ‘n *sterk identiteit* waarop ons voortbou

01

**Ons bestaan nie ter wille van vir onsself nie.** Ons luister na mekaar en gee ruimte vir almal sonder om in ’n verbruikersmentaliteit te verval of net op enkeles se behoeftes te fokus.

02

**Kinders en jongmense is vir ons baie belangrik.** Ons wil hê hulle moet die Bybel ken, ’n verhouding met die Here hê en lief wees vir Jesus.

03

**Gesinne en families is vir ons belangrike plekke waar geloof kan groei** – ons wil gesinne hierin ondersteun.

04

**Ons hou van verskillende musiekstyle in ons gemeente.** Ons loof die Here in verskeie style en gee ruimte vir mekaar, selfs as dit nie my eie voorkeur is nie.

05

**Ons kuier graag saam** en wil seker maak dat mense mekaar genoeg sien en tyd saam spandeer. Ons leer God ken binne verhoudings.

06

**Lering en gesonde teologie is vir ons baie belangrik** – daarom het ons voortgebou op ons mooi tradisies, soos Kollegio en Dissipelskap.

07

**Ons is nie bang vir nuwe dinge nie.** Ons gemeente het nog altyd aangepas by veranderende tye en met geloof groot nuwe stappe geneem, sonder om ons identiteit op te gee.

# *Wat is vir ons belangrik?*

- Tygerpoort Gemeente behoort aan die Here – ons is lief vir Hom.
- Ons volg Jesus en wil Sy dissipels wees.
- Ons weet die Heilige Gees woon in ons en werk deur ons – daarom wil ons altyd luister na Sy stem.
- Alles wat ons doen, selfs hoe ons Sondae inrig, moet hierdie doel dien.
- Ons hou nie vas aan dinge net omdat dit altyd so was nie – ons pas aan as dit help om te groei in ons geloof en verhoudings.

## Daarom gaan ons as gemeente 'n **nuwe ritme** in 2026 volg



Ons het geluister.



Ons het gedink.



Ons het gebid.

**Ons is baie opgewonde oor 'n nuwe ritme vir Tygerpoort Gemeente wat begin in 2026!**

# Hierdie **ritme** wil ons help om:

- Die geloofsgroei en lering van kinders, jongmense en volwassenes te verdiep met 'n vars nuwe benadering.
- Programme eenvoudiger te maak en gesinne beter te akkommodeer.
- Geloofsgemeenskap te verdiep.
- Lofprysing en aanbidding te verdiep.
- Dissipelskap te verdiep.
- Die gejaag tussen oggend- en aanddienste te verminder.
- 'n Rustiger Sondag te skep waar almal saam kan groei – elkeen op hul eie vlak.

## *Hoe gaan ons dit op Sondae doen?*

1. Almal saam in die oggend vir eredienste en geloofsgroei.
2. 'n Nuwe tyd in die aand vir Kollegio en groepe.



**Kyk na hierdie prentjie.** Tot nou toe het Sondae gelyk soos aan die bokant: ‘n gerondskarrel vir gesinne. Van 2026 af lyk ons Sondae soos die onderkant: ‘n Rustiger, betekenisvolle Sondag waar gesinne saam aanbid en groei. Daar is duidelike groeipaaie vir elkeen – van jonk tot oud. Ons fokus op dieper gesprekke en ware vriendskap.

DEEL 2

# Hoe lyk ‘n ***Sondagprogram*** in skoolkwartale?



| | Kerkgebou | Kindersaal | Tygerplein Saal | Tygerplein E1-E4 | Kapel |
|---|---|---|---|---|---|
| 08:00 | Erediens | | Graad 4 - 6 Diens | | |
| 08:20 | | Drie tot drie Kinderkerkdiens | | | |
| 09:00 | | | Graad 8 - 10 Kollegio | Belydenis | Graad 7 |
| 10:00 | Erediens | | Graad 4 - 6 Diens | | |
| 10:20 | | Drie tot drie Kinderkerkdiens | | | |
| 17:00 | Kollegio | Geleenthede vir groepe en ander kursusse | | | |

# Oggende:

## Eredienste — 08:00 of 10:00

- Almal (behalwe graad 4 - 6 ) woon dit saam by.
- Na die kindermoment verlaat die 3-jariges tot Graad 3's die erediens om hulle eie kinderkerkdiens by te woon.
- Alle style in musiek word in albei eredienste gebruik. Dit kan deur die loop van die kerkjaar wissel en selfs tussen Sondae - maar almal akkommodeer almal se style en fokus op ons lof en aanbidding van die Here.
- Tussen die twee eredienste kuier almal heerlik saam.

## DRIE TOT DRIE

EREDIENS

08:00 of 10:00

- Hierdie diens word deur 3-jariges tot Graad 3 kinders bygewoon.
- Tydens die kinderkerkdiens word daar gesing en 'n kurrikulum gevolg.
- Die kurrikulum fokus op Bybelverhale.
- Daar is een aanbieder vir die groot groep en leiers word gebruik om kleingroep gesprekke binne dieselfde lokaal te fasiliteer. Inhoud word egter deur die aanbieder hanteer wat opgelei is.

## GRAAD 4-6

EREDIENS

08:00 of 10:00

- Tydens hierdie diens word al die elemente van 'n erediens ingebring - maar op die vlak van hierdie ouderdomsgroep.
- Die kurrikulum fokus op Bybelverhale maar ook temas wat relevant is vir Graad 4 tot Graad 6 kinders.
- Daar is een aanbieder vir die groot groep en leiers word gebruik om kleingroep gesprekke binne dieselfde lokaal te fasiliteer. Inhoud word egter deur die aanbieder hanteer wat opgelei is.

## GRAAD 7

GROEP

09:00

- Graad 7 is 'n belangrike oorgangsjaar en daarom word daar spesiaal aan hierdie jaargroep op 'n unieke wyse aandag gegee.
- Die kurrikulum fokus op 'n spesiale program wat van toepassing is op hulle leefwêreld.
- Hierdie groep stap deur die loop van die jaar 'n spesiale pad van geloofsgroei en lering saam met 'n leier.
- Graad 7's woon enige erediens saam met hul gesin by, asook die groepbyeenkoms om 09:00.

## GRAAD 8-10

KOLLEGIO

09:00

- ‘n Aanbieder bied die inhoud vir die hele groep aan. Leiers word steeds gebruik om wegbreek gesprekke in dieselfde lokaal te fasiliteer.
- Die inhoud fokus op die Bybel en is tematies gerig.
- Ons kyk hoe goed ken jy al jou Bybel!
- Daar word ook van buite-sprekers gebruik gemaak.
- Hierdie groep gaan kamp ook in die September / Oktober vakansie.
- Tieners woon enige erediens saam met hul gesin by, asook die Kollegio om 09:00.

## BELYDENIS

GRAAD 11

09:00

- ‘n Aanbieder bied die kurrikulum vir die hele groep aan. Leiers word steeds gebruik om wegbreek gesprekke in dieselfde lokaal te fasiliteer.
- Die inhoud fokus op die Bybel en is tematies gerig.
- Ons kyk hoe goed ken jy al jou Bybel!
- Daar word ook van buite-sprekers gebruik gemaak.
- Die groep word ingedeel by die drie predikante. Hulle hou kontak met hul predikant en volg in die tweede kwartaal die dissipelskap-reis.
- Hierdie groep gaan kamp saam in die eerste kwartaal en neem deel aan ander aktiwiteite, soos uitreike.
- Graad 11’s woon enige erediens saam met hul gesin by, asook belydenis om 09:00.



# Aande:

KOLLEGIO
LEERGEMEENSKAP

17:00

- Die hoofbaan van Kollegio skuif na Sondae-aande om 17:00.
- Sekere van die Kollegio kursusse sal steeds in die week aangebied word.
- Meer mense sal dan toegang hê tot die kursusse op 'n Sondag – so akkomodeer ons ook werkende mense en individue. Dit sal ook veiliger wees vir ons ouer lidmate om kursusse op 'n Sondagmiddag 17:00 by te woon as later op weeksaande.

# Nuwe ***bymekaarkom-opsies vir groepe***

## - verskillende tye in die aand

Kleiner en medium groepe is van kardinale belang, om binne verhoudinge, gemeenskap en geloofsgroei te beleef.

Die nuwe Sondagaand tydsgleuf bied nou die geleentheid vir kleingroepe - wat sukkel om in besige weke te ontmoet - om by die kerk op 'n Sondagaand bymekaar te kom.

Ander groepe, soos jong volwassenes, dissipelskap of matrieks, kan Sondae-aande gebruik om bymekaar te kom, te kuier of 'n kursus by te woon.

Ons wil in 2026 lidmate aanmoedig om die waarde van groepe te ontdek.

# Groot geleenthede
deur die jaar

Daar is spesiale geleenthede deur die loop van die jaar waar kinders die eredienste **in die oggend** saam met hul ouers bywoon:

Nagmaal-Sondae

Eerste Sondag nadat die skool geopen het

Paasnaweek

Pinkster

Feesnaweek

Hervormingssondag

Kersfees

Daar is ook ander geleenthede **in die aande** wat ons as 'n hele gemeente saam bywoon:

Aswoensdag

Spesiale Lofprysingsaande (Sondae)

Paasnaweek (Donderdagaand Nagmaaldiens)

Pinkster (Sondag - Dinsdag)

Belydenisaflegging (Sondag)

Kerssangdiens (Sondag)

Hierdie geleenthede is vir ons baie belangrik. Dit is fees-vier-geleenthede en tye wat ons saam met die kerkjaar fokus op verskillende groot gebeure van ons geloof en ook ons gemeente-lewe. Beplan vroegtydig deur dit in jou dagboek aan te teken.

DEEL 3

# 2026 Sondae &

| | | | 09:00 | | 08:00 | 08:00 | 08:20 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Kerk | | Kerk | TP Saal | Kindersaal |
| Datum | Kerk / Gemeente | N / D | Erediens | Kurrikulum | Erediens | Graad 4 - 6 Diens | Drie tot drie |
| 4 Jan | | | ✓ | | | | |
| 11 Jan | | | | | ✓ | | |
| 18 Jan | | | | | ✓ | | |
| 25 Jan | | | | 1.1 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 1 Feb | | | | 1.2 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 8 Feb | | | | 1.3 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 15 Feb | | | | 1.4 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 18 Feb | Aswoensdag | | | | | | |
| 22 Feb | | | | 1.5 | ✓ | Woon erediens by | Woon erediens by |
| 1 Mar | | | | 1.6 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 8 Mar | | | | 1.7 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 15 Mar | Lofprysingsaand | | | 1.8 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 22 Mar | | | | 1.9 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 29 Mar | | | ✓ | | | | |
| 2 Apr | Nagmaal (Donderdag) | | | | | | |
| 3 Apr | Goeie Vrydag | | | | ✓ | | |
| 5 Apr | Paassondag | | | | ✓ | | |
| 12 Apr | | | | 2.1 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 19 Apr | | | | 2.2 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 26 Apr | | | ✓ | | | | |
| 3 Mei | | | ✓ | | | | |
| 10 Mei | | | | 2.3 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 14 Mei | Hemelvaart (Donderdag) | | | | | | |
| 17 Mei | Pinkster (Sondag) | | | 2.4 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 18 Mei | Pinkster (Maandag) | | | | | | |
| 19 Mei | Pinkster (Dinsdag) | | | | | | |
| 24 Mei | Pinksterfees | | | 2.5 | ✓ | Woon erediens by | Woon erediens by |
| 31 Mei | | | | 2.6 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 7 Jun | | | | 2.7 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 14 Jun | | | ✓ | | | | |
| 21 Jun | | | | 2.8 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 28 Jun | | | ✓ | | | | |
| 5 Jul | | | ✓ | | | | |
| 12 Jul | | | ✓ | | | | |
| 19 Jul | | | ✓ | | | | |
| 26 Jul | | | | 3.1 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 2 Aug | | | | 3.2 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 9 Aug | | | ✓ | | | | |
| 16 Aug | | | | 3.3 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 23 Aug | Feesnaweek | | | | ✓ | Fees | Fees |
| 30 Aug | | | | 3.4 | ✓ | ✓ | ✓ |

# spesiale geleenthede

| 08:00<br>Kapel<br>Gr. 7 | 09:00<br>TP Saal<br>Gr. 8 - 10 Kollegio | 09:00<br>TP E1 - E4<br>Belydenis | 10:00<br>Kerk<br>Erediens | 10:00<br>TP Saal<br>Graad 4 - 6 Diens | 10:20<br>Kindersaal<br>Drie tot drie | 17:00<br>Kerk<br>Kollegio | Ander |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | ✓ | | | | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| | | | | | | | 18:30 |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | Woon erediens by | Woon erediens by | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | 18:30 |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| | | | | | | | 18:30 |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | 18:30 |
| | | | | | | | 18:30 |
| | | | | | | | 18:30 |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | Woon erediens by | Woon erediens by | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| | | | | | | | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| | | | | | | | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| Fees | Fees | Fees | ✓ | Fees | Fees | Fees | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |

| | | | 09:00 Kerk | | 08:00 Kerk | 08:00 TP Saal | 08:20 Kindersaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Kerk / Gemeente** | **N / D** | **Erediens** | **Kurrikulum** | **Erediens** | **Graad 4 - 6 Diens** | **Drie tot drie** |
| 6 Sep | | | | 3.5 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 13 Sep | | | | 3.6 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 20 Sep | Lofprysingsaand | | | 3.7 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 27 Sep | | | ✓ | | | | |
| 4 Okt | | | ✓ | | | | |
| 11 Okt | | | | 4.1 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 18 Okt | | | | 4.2 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 25 Okt | Hervormingsondag | | | 4.3 | ✓ | Woon erediens by | Woon erediens by |
| 1 Nov | Belydenisaflegging | | | 4.4 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 8 Nov | | | | 4.5 | ✓ | ✓ | ✓ |
| 15 Nov | | | ✓ | 4.6 | | | |
| 22 Nov | Kerssangdienste | | ✓ | | | | |
| 29 Nov | | | ✓ | | | | |
| 6 Des | | | ✓ | | | | |
| 13 Des | | | ✓ | | | | |
| 20 Des | | | ✓ | | | | |
| 25 Des | Kersdag (Vrydag) | | | | ✓ | | |
| 27 Des | | | ✓ | | | | |
| 31 Des | Oujaarsdiens (Donderdag) | | | | | | |

Vakansie / Langnaweek









| 08:00 | 09:00 | 09:00 | 10:00 | 10:00 | 10:20 | 17:00 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kapel | TP Saal | TP E1 - E4 | Kerk | TP Saal | Kindersaal | Kerk | |
| **Gr. 7** | **Gr. 8 - 10 Kollegio** | **Belydenis** | **Erediens** | **Graad 4 - 6 Diens** | **Drie tot drie** | **Kollegio** | **Ander** |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | Woon erediens by | Woon erediens by | ✓ | |
| ✓ | ✓ | | ✓ | ✓ | ✓ | | 17:30 |
| ✓ | ✓ | | ✓ | ✓ | ✓ | ✓ | |
| | | | | | | ✓ | |
| | | | | | | | 16:30 & 19:00 |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | ✓ | | | | |
| | | | | | | | |
| | | | | | | | 19:00 |









# DEEL 4

| Week | Drie tot Drie | Graad 4 - 6 | Graad 7 |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Jesus raak weg | Jesus by die Tempel | Alpha: Geluk of vreugde |
| 1.2 | Jesus word honger | Jesus in die Woestyn | Alpha: Wie is Jesus? |
| 1.3 | Jesus by 'n troue | Water en wyn | Alpha: Hoe lyk liefde? |
| 1.4 | Dissipels | Jesus se dissipels | Alpha: Hoekom moes Jesus sterf? |
| 1.5 | **Woon erediens by** | **Woon erediens by** | Alpha: Geloof in Jesus |
| 1.6 | Jesus maak 'n storm stil | Jesus en jou storms | Alpha: Hoe om te bid |
| 1.7 | Jesus loop op water | Waag saam met Jesus | Alpha: Hoe lees ek die Bybel? |
| 1.8 | Jesus se stories | Gelykenisse | Alpha: Lewe met 'n doel |
| 1.9 | Jesus is lief vir kinders | Kinders in die koninkryk | Die Heilige Gees |
| | | | |
| 2.1 | Paasfees | Paasfees | Ons lees Rut |
| 2.2 | Ons gee | Dankoffers | Ons lees Rut |
| 2.3 | Jesus bid | Ons Vader | Ons lees Rut |
| 2.4 | Pinkster | Pinkster | Ons lees Rut |
| 2.5 | **Woon erediens by** | **Woon erediens by** | Ons lees Filippense |
| 2.6 | Nagmaal | Nagmaal | Ons lees Filippense |
| 2.7 | Doop | Doop | Ons lees Filippense |
| 2.8 | Wat glo jy? | Wat glo jy? | Ons lees Filippense |
| | | | |
| 3.1 | Wees lief | Liefde | Vriende |
| 3.2 | Hê geduldig | Geduld | Seksualiteit |
| 3.3 | Wees bly | Vreugde | Die wêreld waarin ons leef |
| 3.4 | Leef in vrede | Vrede | Nagmaal |
| 3.5 | Wees gaaf | Sagmoedigheid | Doop |
| 3.6 | Ander bo myself | Nederigheid | Wat is 'n roetemerker? |
| 3.7 | Wees goed | Goedheid | Moses maak 'n fout |
| | | | |
| 4.1 | Skepping | God as Kunstenaar | Moses is verlore |
| 4.2 | Kain en Abel | Boeties en sussies | Moses en die brandende bos |
| 4.3 | **Woon erediens by** | **Woon erediens by** | Moses se gehoorsaamheid |
| 4.4 | Toring van Babel | Toring van Babel | Wat is belydenis van geloof? |
| 4.5 | 10 gebooie | God en verhoudings | Afsluiting |
| 4.6 | | | |

# Kurrikulum

| Week | Graad 8 - 10 | Belydenis (Graad 11) | Kollegio Sondae |
|---|---|---|---|
| 1.1 | Jesus se gelykenisse | Hoe lees ons die Bybel? | Hoe om die Bybel te lees |
| 1.2 | Jesus se wonderwerke | Hoe lees ons die Bybel? | Hoe om die Bybel te lees |
| 1.3 | Wie was die profete? | Hoe lees ons die Bybel? | Hoe om die Bybel te lees |
| 1.4 | Wie was Paulus? | Ons lees Openbaring | Hoe om die Bybel te lees |
| 1.5 | Ons lees Psalms | Ons lees Openbaring | Hoe om die Bybel te lees |
| 1.6 | Die dissipels | Ons lees Openbaring | Hoe om die Bybel te lees |
| 1.7 | Die boek Handelinge | Ons lees Openbaring | Hoe om die Bybel te lees |
| 1.8 | Die "basics" van jou Bybel | Ons lees Openbaring | Hoe om die Bybel te lees |
| 1.9 | Ons kyk hoe goed ken jy jou Bybel! | Ons kyk hoe goed ken jy jou Bybel! | Hoe om die Bybel te lees |
| | | | |
| 2.1 | Ons lees die evangelies | Dissipelskap saam met 'n predikant | Opsoek na Jesus |
| 2.2 | Ons lees die evangelies | Dissipelskap saam met 'n predikant | Opsoek na Jesus |
| 2.3 | Ons lees die evangelies | Dissipelskap saam met 'n predikant | Opsoek na Jesus |
| 2.4 | Ons lees die evangelies | Dissipelskap saam met 'n predikant | Opsoek na Jesus |
| 2.5 | Ons lees die evangelies | Dissipelskap saam met 'n predikant | Opsoek na Jesus |
| 2.6 | Ons lees die evangelies | Dissipelskap saam met 'n predikant | Opsoek na Jesus |
| 2.7 | Ons lees die evangelies | Dissipelskap saam met 'n predikant | Opsoek na Jesus |
| 2.8 | Ons lees die evangelies | Dissipelskap saam met 'n predikant | Opsoek na Jesus |
| | | | |
| 3.1 | Vriende | Wie is die NG Kerk? | Hoe om Openbaring te lees |
| 3.2 | Seksualiteit | Wat is die belydenisskrifte? | Hoe om Openbaring te lees |
| 3.3 | Die wêreld waarin ons leef | Wat glo ander kerke? | Hoe om Openbaring te lees |
| 3.4 | Roeping | Nagmaal | Hoe om Openbaring te lees |
| 3.5 | Gebed | Doop | Hoe om Openbaring te lees |
| 3.6 | Hoekom gebeur slegte goed met goeie mense? | Wat glo ander gelowiges? | Hoe om Openbaring te lees |
| 3.7 | Diensbaarheid | Etiese sake in die kerk | Hoe om Openbaring te lees |
| | | | |
| 4.1 | Jona is ongehoorsaam | Hoe werk belydenisaflegging? | Genesis |
| 4.2 | Jona bid | Wat glo ek? | Genesis |
| 4.3 | Jona onder die komkommerplant | Hoe gaan ek by die kerk betrokke bly? | Genesis |
| 4.4 | Wat is belydenis van geloof? | | Geen - belydenisaflegging |
| 4.5 | Afsluiting | | Genesis |
| 4.6 | | | Genesis |

# Kurrikulum aanbieders*

## DRIE TOT DRIE

EREDIENS



Karin Steyn
(Koördineerder)



Roelene Botes

## GRAAD 4-6

EREDIENS



Karin Steyn
(Koördineerder)



Sonnika Nel

## GRAAD 7

GROEP



Marco Koch
(Koördineerder)



Darius Nel

# GRAAD 8-10

KOLLEGIO



Marco Koch
(Koördineerder)



Karin Steyn



Zander van der
Westhuizen



Chris de Wet

# BELYDENIS

GRAAD 11



Marco Koch
(Koördineerder)



Karin Steyn



Zander van der
Westhuizen



Chris de Wet

*Soms word daar ook van buite-sprekers oor spesifieke onderwerpe gebruik gemaak.

DEEL 5

# 'n **Hernuwing** van jou **lidmaatskap** verbintenis

## *Wat leer die Bybel ons oor lidmaatskap?*

Om 'n dissipel van Jesus te wees, beteken jy behoort aan Sy gemeente. Wanneer jy vir Jesus volg, is dit deel van wie jy is om deel van Sy kerk te wees.

- **Jesus is die Hoof van die kerk.** Jy behoort aan Hom en Hy lei jou. (Kolossense 1:18)
- **Jy is deel van die liggaam van Christus.** Soos elke deel van 'n liggaam saamwerk, so het elke gelowige 'n plek en doel. (1 Korintiërs 12:12–26)
- **Jy is deel van 'n geloofsfamilie.** Ons vorm saam God se huisgesin. (Efesiërs 2:19–22)
- **Jy het gawes en 'n roeping.** God gee vir elkeen unieke talente om ander te dien. (Romeine 12:1–8)
- **Jy leer en groei saam met ander.** Deur byeenkomste en eredienste word jou geloof versterk. (Hebreërs 10:24–25)
- **Jy dra saam verantwoordelikheid.** Ons sorg vir mekaar en ondersteun mekaar soos die eerste Christene. (Handelinge 2:42–47)
- **Ons het 'n gesamentlike roeping.** Saam bring ons die goeie nuus van Jesus na die wêreld. (Matteus 28:19–20)



# Hoekom is *die kerk* in die samelewing belangrik?

Navorsing wys: dit is goed vir jou om deel van 'n geloofsgemeenskap te wees.

In 'n wêreld waar baie mense sukkel met hul geestesgesondheid, toon studies dat mense wat aktief by 'n kerk betrokke is oor die algemeen 'n beter gemoed het, meer dankbaarheid ervaar en 'n gesonder lewensingesteldheid het.

Wanneer jy deel is van 'n gemeente, vind jy 'n plek waar jy kan behoort, groei en ondersteuning ervaar.

Betrokke gemeentelede, beleef hul lewe as meer betekenisvol en sinvol.

Sommige navorsing wys selfs dat mense wat gereeld kerk toe gaan, fisies gesonder is.

Dit is belangrik om te verstaan dat hierdie voordele veral geld vir mense wat **aktief deelneem** in 'n gemeente – nie net soms 'n erediens bywoon nie, maar regtig inskakel en saam lééf.

Hoekom moet 'n gemeente soos Tygerpoort weet wie is werklik ons

# *aktiewe lidmate?*

In ons Afrikaanse kultuur is daar baie mense wat nog as lidmate van die NG Kerk geregistreer is, maar wat nie meer aktief betrokke is nie. Ons lidmaatregister wys dus nie altyd die volle werklikheid van wie regtig deel van die gemeentelewe is nie.

Soos enige organisasie, kan 'n gemeente net doeltreffend beplan, begroot en bedien as ons weet wie werklik betrokke is en saam die gemeente dra.

In die Bybel is daar nie sprake van "halwe" of "soms" lidmaatskap nie. In ander lande oor kontinente heen, is daar gemeentes waar elke lidmaat werklik deelneem – hulle woon eredienste by, gee 'n dankoffer, is deel van 'n kleingroep en dien op minstens een manier in die gemeente. Só ontstaan ware gemeenskap waar almal mekaar ken en saam groei.

Navorsing wêreldwyd wys dat gemeentes wat ernstig omgaan met ware lidmaatskap en betrokkenheid, geestelik groei. Lidmate in sulke gemeentes ervaar dat hul geloof verdiep en dat hul lewe meer betekenisvol word.



# Ons nooi jou om in 2026 jou lidmaatskap te hernu

**Bestaande lidmate word genooi om hul lidmaatskap te hernu:**

- Dit is in die eerste instansie ‘n geestelike proses. Individue, gesinne (selfs ons kinders) en egpare moet elkeen herbesin of jy deel van hierdie gemeente wil wees. Bid daaroor, dink daaroor en maak die besluit om jou geloofslewe en geloofsgemeenskap ‘n prioriteit te maak.
- Dit is ‘n hernuwing van jou verbintenis aan die kerk en die Here.
- Wanneer jy jou lidmaatskap hernu - word jy deel van die nuwe databasis wat vir kommunikasie vanaf 1 Maart 2026 gebruik word.
- Indien jou lidmaatskap tans by ‘n ander gemeente lê - sal dit outomaties deur die kerkkantoor aangevra word.

**Nuwe persone en gesinne wat vanaf 2026 lidmate van ons gemeente wil word moet:**

- Eers die nuwe lidmaat-kursus voltooi.
- Hierna, hulself verbind tot ons gemeente, soos alle lidmate, en met integriteit hierdie verbintenis uitleef.
- Slegs lidmate wat hierdie lidmaatskap verbintenis gemaak het - kan in ons gemeente doop.

# Waartoe verbind jy jouself wanneer jy jou **lidmaatskap hernu?**

**Gewone verbintenis vir lidmate wat in-persoon by die gemeente wil inskakel:**

01

Ek verbind my daartoe om erns te maak met **erediensbywoning** op Sondae.

*'n Gesonde geloofsgemeenskap waar gemeentelede fisies bymekaarkom is in ons gemeente 'n prioriteit, ten spyte van almal se besige programme. Aanlynopsies vir 'n erediens is slegs 'n alternatief tot fisiese erediensbywoning in die geval waar gesondheid of 'n groot afstand vanaf die kerk 'n rol speel – dit kan nie 'n in-persoon geloofsgemeenskap ervaring vervang nie.*

02

Ek verbind my om jaarliks ten minste by een tipe **geloofsvorming** groep of kursus in te skakel.

*Vir volwassenes kan dit 'n Bybelstudiegroep,'n kursus van Kollegio, die dissipelskap-proses of ander geleenthede (buite 'n erediens) beteken. Daar is verskillende opsies - ook wat tyd aanbetref. Vir 3-jariges tot Graad 11 kinders beteken dit jy skakel elke Sondag by die nuwe kinderbediening / Kollegio vir tieners / Belydenis in. Daar is soms uitsonderings wanneer daar 'n sporttoer of ander verpligting is. Maar wanneer jy jouself verbind tot geloofsgroei moet dit 'n prioriteit in jou lewe wees waaroor jy ernstig is.*

03

Ek verbind my daartoe om jaarliks ten minste by een plek of geleentheid **diensbaar** te wees.

*Diensbaarheid is deel van 'n gelowige se roeping. Dit is ook goed vir ons om "nie ter wille van onsself nie"; te dien. In ons gemeente is daar projekte, organisasies, ondersteuningsnetwerke, leierskapsgeleenthede (van die kerkraad, kinder-en-jeugbediening tot by groepe), die Lig & Ritme Fees, Sondae-dienswerk, gasvryheid en vele ander spasies om eenmalig of regdeur die jaar te dien.*

04

Ek verbind my daartoe om altyd my **mede-gelowiges** te ondersteun.

*Ons het almal 'n verantwoordelikheid om mekaar - broers en susters - in 'n geloofsfamilie te help en te ondersteun. Dit is nie net die predikante se verantwoordelikheid nie. Jý is die kerk - wanneer jy iemand in die gemeent ondersteun - is dit die kerk wat by jou deur opgedaag het. Dit beteken ook dat wanneer jý die een is wat ondersteuning nodig het, jy die vrymoedigheid sal hê om 'n mede-gelowige te nader of die kerkkantoor te bel.*



## 05

Ek verbind my daartoe om deurlopend my **dankoffer** te gee.

*Ons gemeente kan nie sonder dankoffers funksioneer nie - beide erediensdankoffers en gereelde/konsekwente maandelikse bydraes. Dit dra al ons gemeentes se uitgawes - van die spreekwoordelike "water & ligte" instandhouding, uitbreidings en sekuriteit tot by personeel, predikante, bediening, bydraes aan behoeftiges, buite-organisasies en gemeenskapswerk.*

*Alles wat ons besit behoort aan die Here. Ons gee (sonder om wetties te wees) 'n gedeelte van ons inkomste aan die Here, deur ons geloofsgemeenskap - om die koninkryk van God uit te bou en ons almal se gemeente in stand te hou. Ook ter wille van toekomstige geslagte wat hier vir Jesus moet leer ken.*

*Jy kan net dink - die gemeente se begroting kan slegs verantwoordelik bestuur word as elke lidmaat (wat die finansiële vermoë het) bydra. 'n Vaste onderneming, wat elke jaar met inflasie aanpas, help die kerkraad om te begroot en te beplan. Die Here gebruik ons rentmeesterskap op hierdie wyse.*

## 06

Ek verbind my daartoe om my **roeping** buite die gemeente uit te leef.

*Ons is geroep om die evangelie te verkondig. Dit kan by jou werkplek wees, tussen jou vriende en orals waar ons die geleentheid kry. Ons getuig van Jesus maar ons wys ook deur ons waardes en deugde dat ons Jesus volg. Die wyse waarop ons optree, hoe ons praat en die manier wat ons ander mense hanteer - is deel van ons gemeente se getuienis.*

## Spesiale verbintenis vir lidmate wat ver van ons gemeente af woon of nie fisies in staat is om kerk toe te kom nie.

01

Ek verbind my daartoe om erns te maak om **gereeld eredienste aanlyn** te kyk.

*Aanlyn-opsies vir 'n erediens is slegs 'n alternatief tot fisiese erediensbywoning in die geval waar gesondheid of 'n groot afstand vanaf die kerk 'n rol speel – dit kan nie 'n in-persoon geloofsgemeenskap ervaring vervang nie*

02

Ek verbind my daartoe om te **groei in my geloof.**

*Wanneer jy jouself verbind tot geloofsgroei moet dit 'n prioriteit in jou lewe wees waaroor jy ernstig is. Persoonlike stiltetyd saam met God is belangrik vir jou geloofsgroei.  Dit kan in die vorm van Bybelstudie wees of selfs deur goeie teologiese podcasts te luister in jou motor. Indien jy nie op 'n Sondagoggend die direkte uitsending van die preek kan kyk nie, kan jy altyd later in die week stil raak en dit kyk.*

03

Ek verbind my daartoe om **diensbaar** te wees.

*Diensbaarheid is deel van 'n gelowige se roeping. Dit is ook goed vir ons om "nie ter wille van onsself nie" te dien. Jy kan diensbaar wees daar waar jy is, of dit in die aftreeoord is of in die buite-land.  Kyk met omgee-oë na die mense wat om jou woon en werk en sien raak waar daar dalk 'n behoefte is vir 'n bord kos, 'n besoek of 'n gebed. Jy kan ook van die gemeente se projekte wat uitreik na buite finansieel ondersteun.*

04

Ek verbind my daartoe om altyd my **mede-gelowiges** te ondersteun en gereeld vir die gemeente te **bid.**

*Ons het almal 'n verantwoordelikheid om mekaar - broers en susters - in 'n geloofsfamilie te help en te ondersteun. Daar waar jy moontlik inskakel by 'n omgee-groep, Bybelstudie-groep of met ander mede-gelowiges kontak het - het jy 'n verantwoordelikheid om hulle te ondersteun.*

*Maak erns met ons gemeente se gebedslys en bid vir diegene op die lys. Bid ook vir ons gemeente se leierskap en die onderskeie projekte en bedieninge.*



## 05

Ek verbind my daartoe om deurlopend my **dankoffer** te gee.

*Ons gemeente kan nie sonder dankoffers funksioneer nie - beide erediensdankoffers en gereelde/konsekwente maandelikse bydraes. Jy kan steeds jou maandelikse dankoffer gee, selfs al kan jy nie die erediens in persoon bydra nie.  Wanneer jy aanlyn kyk en die dankoffertyd in die erediens plaasvind, kan jy elektronies via SnapScan of EFT jou dankoffer bydra.*

*Deur Payfast is dit ook moontlik vir lidmate in die buiteland om 'n gereelde dankoffer aan die gemeente te gee.*

## 06

Ek verbind my daartoe om my **roeping** buite die gemeente uit te leef.

*Ons is geroep om die evangelie te verkondig. Dit kan by jou werkplek wees, tussen jou vriende en orals waar ons die geleentheid kry. Ons getuig van Jesus maar ons wys ook deur ons waardes en deugde dat ons Jesus volg. Die wyse waarop ons optree, hoe ons praat en die manier wat ons ander mense hanteer - is deel van ons gemeente se getuienis.*

# Wat gebeur as ek nie nou my lidmaatskap wil ***hernu*** nie?

Bestaande lidmate, wat nie hul lidmaatskap hernu of reageer op hierdie uitnodiging nie, se amptelike lidmaatskap aan die NG Kerk sal steeds rustend op die amptelike databasis bly.

Enige iemand is welkom in ons gemeente. Jy kan eredienste bywoon, kursusse bywoon of deelneem aan ander aktiwiteite sonder om ‘n lidmaat by ons te wees.



DEEL 6

# 'n Nuwe ***kommunikasie-struktuur***

Ons almal word oorlaai met kommunikasie. Ons wil effektief en sinvol in die gemeente kommunikeer. In die lig hiervan gaan ons in 2026 ‘n nuwe kommunikasie struktuur in fases implementeer:

Vanaf 1 Januarie 2026 gaan ons alle ander kommunikasie in die gemeente tydelik staak (Toep, Elektroniese nuusbriewe, weeklikse inspirasie ens.)

Die enigste plek waar ons tydens die oorgang intern gaan kommunikeer is op Whatsapp.

Die splinternuwe, opwindende platforms sal in fases geïmplementeer word.

Alle lidmate wat hulself tot die gemeente herverbind het (asook nuwe lidmate), sal outomaties op die nuwe kommunikasie-kanale gelaai word.

**Dit is dus baie belangrik om in die “loop” te bly deur by die gemeente se Whatsapp-groep aan te sluit.**

DEEL 7

# Vorms & skakels

## Hernu jou lidmaatskap:

Gebruik die QR-kode om die hernuwing van jou lidmaatskap te voltooi. Die skakel sal jou na ons nuwe WhatsApp kanaal neem.

## Gee jou dankoffer:

Gebruik die QR-kode om jou bydrae deur SnapScan te prosseseer. Jy kan ook 'n elektroniese oorbetaling maak deur die volgende bankbesonderhede gebruik:

**NG Tygerpoort | ABSA | 163 058 0060**

## Debietorder inligting:

Jy kan jou maandelikse dankoffer gee deur 'n debietordervorm te voltooi en aan finansies@ngtyger.com te epos. Gebruik die QR kode om die vorm af te laai vanaf ons webtuiste.

## Vir navrae:

Indien jy enige vrae het, is jy welkom om ons te kontak

**012 809 0107**
**ontvangs@ngtyger.com**
**ngtyger.com/kontak-ons**

NG GEMEENTE

**TYGERPOORT**

*nie ter wille van onsself nie*

www.ngtyger.com